# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie in verband met hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

10 Augustus 2023

## OMSENDBRIEF 8/2023
## LANGVERLOF

### AAN ALLE LERAARS, SKRIBAS EN VOORSITTERS VAN KERKRADE

Broeders,

Daar is talle vrae en onduidelikhede oor langverlof van leraars wat ten doel het om uitbranding te voorkom en te herstel. Die Sinode het dit aan die Kuratorium opgedra om die saak te reël en die inhoud van die studiemateriaal wat op langverlof van toepassing is, te bepaal.

Hiermee 'n opsomming van tersaaklike Sinodebesluit. Vir volledigheid moet kerkrade asseblief die Sinodebesluit en die volledige motivering ten opsigte van die besluit bestudeer. (*Sakelys* van Sinode 2022 bl. 277; *Handelinge* bl. 445 pt. 17.1.2-17.1.5; bl. 478 pt. 17.1.5-17.1.6; *Kerkorde 2023* bl. 184 pt. 35.)

Enkele praktiese sake uit die Sinodebesluit:

- 'n Leraar het 30 dae langverlof ná elke driejaarsiklus in 'n gemeente.
- Wanneer 'n leraar 'n beroep aanvaar, begin die siklus weer van voor af en kan hy eers ná drie jaar die langverlof neem.
- Een van die voorwaardes vir langverlof is dat leraars 'n uitbrandingstoets móét onderneem. Die Kuratorium het met mev. Susan Grobler onderhandel om die PNI-toets (Psycho-Neuro-Immunology/Psigo-Neuro-Immonologie) by haar af te lê. Sy is gekwalifiseer en geakkrediteer om die toetse af te lê, dit te ontleed en terugvoer te gee. Haar kontakbesonderhede word aangeheg. Leraars moet self kontak en kommunikasie met haar opneem.
- Die toets word aanlyn afgelê en die terugvoer kan via 'n internetvergadering geskied sodat leraars wat nie in of om Pretoria woon nie, nie daarheen hoef te reis nie.
- Die Sinode het besluit dat leraars nie die uitslae van die toets aan kerkrade bekend hoef te maak nie.
- Leraars moet egter bewys lewer dat daar wel 'n uitbrandingstoets gedoen is, voordat kerkrade toestemming tot langverlof kan gee. Die minimum vereiste is die PNI-toets.

  Die PNI-assessering identifiseer die interafhanklikheid tussen die neurologiese, emosionele en liggaamlike gesondheid en welstand van die individu. Dit dui sy selfwaarde en uithouvermoë/veerkragtigheid aan, hoeveel betekenis (gevoel) en selfverwesenliking hy/sy tans ervaar en die



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

effek daarvan op sy/haar belewing van die werklikheid. Dit dui die verhouding tussen werk/verhoudings/ontspanning aan en die betekenis wat die individu op elke terrein ervaar. Die verslag dui aan of daar risiko vir uitbranding en depressie is en of dit reeds teenwoordig is. Dit identifiseer die nodige areas waaraan aandag gegee moet word tot herstel en volhoubare funksionering.

- Langverlof kan nié uitbetaal word nie.
- Langverlof kan nóg oploop, nóg oorgedra word na 'n volgende beroep.
- Ten minste 70% van 'n leraar se normale verlof moet oor die tydperk van drie jaar geneem wees alvorens 'n leraar langverlof kan neem. (Behalwe wanneer die leraar en die kerkraad anders ooreenkom.)
- 'n Leraar moet ten minste ses maande voordat hy langverlof wil neem, sy kerkraad daarvan in kennis stel.
- Die doel van langverlof is om uitbranding te voorkom of om van uitbranding te herstel.
- Navorsing toon dat uitbranding onder meer die gevolg is van 'n proses waar meer uitgegee word as wat ingeneem word. Daarom kan daar nie net vakansie gehou word nie.
- Die Kuratorium stel 'n dokument met studiemateriaal aan die leraar wat langverlof wil neem, beskikbaar. 'n Leeslys van boeke wat oor geestelike verryking handel, word ingesluit. Daar is ook riglyne vir teksgedeeltes in die Bybel wat vir Bybelstudie en stiltetyd tydens langverlof gebruik moet word.
- Indien 'n leraar aan uitbranding lei, moet die oorsake van uitbranding (soos deur die uitbrandingstoets aangedui) hanteer word. Indien die oorsake nie hanteer word nie, kan die leraar ná die langverlof steeds onder uitbranding gebuk gaan.
- Die Kuratorium is steeds besig om verdere weë te ondersoek om leraars by te staan en toe te rus sodat toekomstige uitbranding vermy kan word.
- Langverlof is slegs vir leraars wat voltyds in diens van 'n kerkraad staan. Leraars wat met beperkte dienstermyn beroep is en langer as drie jaar in 'n gemeente se diens staan, kan met die betrokke kerkrade oor langverlof onderhandel.

Die Kuratorium moedig kerkrade aan om hul leraars toe te laat om langverlof te neem, sou hulle dit versoek.

Ds. Markus Mattheus is die Kuratorium se kontakpersoon vir alle sake wat langverlof raak. U kan hom gerus kontak by: (082) 771-5295.

Groete
U broeders in Christus

____________________________
Ds. Hendrik du Plessis (Skriba)
Namens die Kuratorium

KURATORIUM: di. WJA van Schalkwyk (voorsitter), GCD Stoltz (ondervoorsitter) JHE du Plessis (skriba), RK Combrink, DFM Cronjé, F de Bruin, MJL Jordaan, WJ Malan, MJ Mattheus, RJ Pretorius, H Scherman



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

# INLIGTING AAN LERAARS:

## Susan Grobler

Privaatsak X 4, Postlink Suite 11009, Woodhill, 0093, Suid-Afrika
Epos: susan@susangrobler.co.za
Selfoon: +27 82 655 6446
www.susangrobler.co.za
LinkedIn: https://www.linkedin.com/in/susangrobler/



Susan is passievol om haar kliënte in staat te stel om hul Identiteit in Christus te ontdek en so hul gawes en talente tot eer van God aan te wend, ook in die korporatiewe omgewing.

Deur afrigting, groepfasilitering en opleiding bemagtig Susan haar kliënte om geleenthede vir groei en verandering te ondersoek en sodoende persoonlike betekenis in hul professionele en persoonlike lewe te verhoog.

Sy het 'n internasionale netwerk van kliënte gevestig waar sy aanlyn tegnologie gebruik om programme en afrigting te lewer.

Susan het 'n graad in Besigheidsbestuur, verskeie internasionale akkreditasies, gekombineer met 23 jaar ondervinding in korporatiewe organisasies. Sy werk sedert 2009 in haar eie besigheid.

# SELFSTUDIE TYDENS LANGVERLOF

## INLEIDEND

Die doel waarom die sinode langverlof goedgekeur het, is om uitbranding te help teëwerk. Die oplossing vir uitbranding is tweeledig van aard: rus en toerusting.

*Rus:*
Die eerste is 'n voldoende wegbreek vir 'n tyd uit die spanningsituasie sodat gerus kan word. 'n Belangrike voorkoming en behandeling van uitbranding is juis afsondering en rus. Elía het ná sy voorval van uitbranding 40 dae deur die woestyn na die berg van God gereis. Weens die hoë spanningsdruk wat die predikantsamp kan meebring, is daar wel toenemend die behoefte aan langverlof om uitbranding te stuit.

*Toerusting:*
Uitbranding is die eindresultaat van 'n proses waarin meer uitgegee word as wat ingeneem word. Die voorrade moet dus voortdurend aangevul word, anders is bankrotskap onvermydelik (Smuts:72). Daarom is studie vir persoonlike verryking en geestelike groei die tweede element wat gedurende langverlof aandag moet geniet. Die sinode het derhalwe ook soos volg besluit:

> *Gedurende die langverlof word tien dae gebruik vir studie wat moet lei tot geestelike groei. Die Kuratorium bepaal die inhoud van die materiaal wat gebruik word vir tersaaklike geestelike verryking* (Handelinge, sestiende sinode bl.446).

Om aan die opdrag van die sinode gehoor te gee, beveel die Kuratorium aan dat aandag op twee terreine gegee word:

- Studie vanuit God se Woord met die oog op persoonlike heiligmaking. Hierdie gedeelte word elke dag vir die volle 30 dae van die langverlof gedoen.
- Die bestudering van 'n kort Teologiese werk wat persoonlike verryking ten doel het.

## STUDIE VANUIT GOD SE WOORD

1. Lees deur die hele oefening op die eerste dag van jou oefeninge.
2. Voor elke stiltetyd, bid dat die Here tot jou sal spreek deur sy Woord en Gees. Bid dat die Heilige Gees jou sal lei op jou pad van heiligmaking deur jou met jou sonde te konfronteer en jou te dring tot bekering waar dit nodig mag wees.
3. Werk aan die oefening vir ten minste 30 minute per dag, elke dag, totdat jy al die skrifgedeeltes behoorlik deurgewerk het.
4. Lees Efesiërs 2:1-10 voor jy aan jou oefening begin werk vir die eerste twee dae.
5. Lees een hoofstuk van Spreuke elke dag. Maak 'n lys van ten minste vyf riglyne vir Christene uit elke hoofstuk.
6. Lees Efesiërs 4:17 - 6:9 tydens die eerste 5 dae van jou langverlof en Lees Romeine 12:1-21 tydens die volgende vyf dae van jou langverlof en maak 'n lys van gehoorsame gedrag aan die Here.
7. Gebruik bogenoemde teksgedeeltes as rigsnoer. Met behulp van die dinge wat verbied en beveel word in die gedeeltes, maak 'n lys van jou sonde en foute/mislukkings onderskeidelik. Ondersoek elke aspek van jou lewe om die bogenoemde lyste te maak. Teken aan waar jy faal in die volgende omstandighede:



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

Jou geestelike lewe, Bybel lees en gebed, kerkbywoning en deelname, getuienis, vriendskap, ontspanning, fisiese versorging, gewoontes, sosiale verhoudings, gesindhede, werk gewoontes, emosies, familie verhoudings, ouerskap, seks, spraak, tyd benutting, geldsake, maniere, netheid, omgee vir ander mense, selfsug, luiheid, samewerking, hardkoppigheid, vrygewigheid, besluitneming, waardering uit druk, vermaak, bitterheid, ens.

Wanneer jy hierdie lys maak, moet nie abstrak en vaag wees nie; moenie bv. slegs sê; "Ek is nie wat ek behoort te wees nie." of "Ek is nie baie gaaf met mense nie." Sê eerder:

a) "Ek maak verskoning om nie kerk toe te gaan nie." of
b) "Ek word kwaad, kortaf of beledigend wanneer kerkraadslede hulle werk op my afskuif." of
c) "Ek is spandabelrig by die koop van klere ens."
d) "Ek hou nie by my begroting nie en betaal nie altyd my rekeninge nie."

Byvoorbeeld:
Ef. 4:31-32 Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid. Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.

Ek skreeu op my man/vrou wanneer ons 'n rusie het. Ek moet leer om kalm te bly en vriendeliker teenoor hom/haar op te tree (Spr. 15:1), ek gaan bid dat die Here my meer ontferming teenoor hom/haar sal gee.

Wanneer jy jou sondes gelys het, bid dat die Gees berou in jou werk oor dit wat die Woord as sonde uitgewys het. Bely jou sondes voor die HERE en vra Hom om vergifnis (Lees 1 Joh. 1:8-9). As jou sondes ander mense benadeel het of betrek het, vra hulle om jou te vergewe vir hoe jy hulle gefaal het (Mat. 5:23-24).

## BESTUDERING VAN 'N KORT TEOLOGIESE WERK

Een van die volgende boeke moet tydens jou langverlof gelees word:

1. Federal Husband deur Douglas Wilson
2. Reforming Marriage deur Douglas Wilson

Albei die boeke is ook as oudioboeke beskikbaar op die Canon+ toepassing waarby ingeteken kan word.

Die uitslag van die PNI toets mag daartoe lei dat daar addisionele bronne aanbeveel word om deur te werk.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390